# MARGARET BALLINGER SE VERKIESING IN 1937 AS OOS-KAAPSE NATURELLE-VERTEENWOORDIGER

**F A Mouton**
*Universiteit van Pretoria*

In April 1936 is die *Naturelleverteenwoordigingswet*, Wet no. 12 van 1936, met 'n oorweldigende meerderheid deur 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat aanvaar.[1] Hierdie Wet het die kroon gespan op Premier J B M Hertzog se jarelange pogings om die swart kieser van die Kaapprovinsie op 'n aparte kieserslys te plaas.[2] In terme van Wet no. 12 van 1936 is die 10 599[3] swart kiesers van die Kaapprovinsie op die reeds genoemde aparte kieserslys in drie kieskringe ingedeel. Hiervolgens kon die swart stemgeregtigde Kaapse kieser direk drie blanke verteenwoordigers in die kieskringe Wes-Kaap, Oos-Kaap en Transkei tot die Volksraad verkies. Verder is ook vir die direkte verkiesing van twee blanke verteenwoordigers in die Kaapse Provinsiale Raad voorsiening gemaak. Vir die swart kiesers van die res van Suid-Afrika het die Wet vir 'n Verteenwoordigende Naturelleraad en die indirekte verkiesing van vier blanke senatore voorsiening gemaak.[4]

Na die aanvaarding van Wet no. 12 het die *All African Convention* (AAC), 'n organisasie wat in Desember 1935 as 'n teenvoeter teen die ontneming van die swart stemreg gestig is,[5] sy posisie in heroorweging geneem. Nieteenstaande hul ontevredenheid met die Wet het die AAC tog besluit om die nuwe sisteem nie te boikot nie, maar onder protes daarvan gebruik te maak deur bevoegde blankes as Naturelleverteenwoordigers vir die Parlement te nomineer.[6] Geen konsensus kon egter oor die kandidate bereik word nie en die *African National Congress* (ANC) het sy eie kandidate,[7] onder wie Margaret Ballinger vir die Oos-Kaap, tydens die organisasie se konferensie van Desember 1936 genomineer. Ballinger is op die aandrang van eerwaarde J.A. Calata, invloedryke sekretaris-generaal van die ANC en Anglikaanse predikant van Cradock,[8] as 'n kandidaat genomineer.[9] Calata se optrede was deur sy bewonder-

Vir die debatte en aanvaarding van die Wet, kyk na Dian Joubert: *Brandpunte no. 5, Die Kaapse Stemreg. Verteenwoordiging vir Swart en Bruin in 1936*, (Tafelberg, 1974); C.M. Tatz: *Shadow and Substance in South Africa*, (Pietermaritzburg, 1962), pp. 77—83.

2. H.B. Kruger: Die Politieke Aspekte Van Generaal J.B.M. Hertzog Se Naturellebeleid Vanaf Unifikasie Tot Aan Die Einde Van Sy Parlementêre Loopbaan, (Ongepubliseerde D.Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1976), pp. 293—300.

*Buitengewone Staatskoerant*, 25 November 1937. Verslag van die Sewende Afbakeningskommissie, p. 589.

*Buitengewone Staatskoerant*, 23 April 1936. Die Naturelleverteenwoordigingswet, Wet no. 12 van 1936; D.B. Molteno: The Representation of Natives Act, (New Africa Pamphlet no. 4, *Political Representation of Africans In The Union*, South African Institute of Race Relations, 1942), pp. 5—10.

5. C.M. Tatz: *op. cit.*, pp. 87—89.
6. P. Walshe: *The Rise Of African Nationalism In South Africa* (London, 1970), pp. 123—124; B. Cloete: *Die Lewe van Senator F.S. Malan* (President van die Senaat), p. 416.
7. P. Walshe: *Op. cit.*, p. 281.
8. G.M. Gerhart, T. Karis: *From Protest To Challenge, vol. 4, Political Profiles 1882—1964* (Hoover Institute Press, 1977), p. 16.
9. M. Ballinger: *From Union To Apartheid* (Kaapstad, 1969), p. 47.

ing en uit erkenning vir Ballinger se pogings om die swarte se posisie in Suid-Afrika te verbeter, gemotiveer.[10] Calata se bewondering was nie misplaas nie en Ballinger het die nominasie aanvaar.[11] Intussen het die AAC sy eie kandidaat, adv. Will Stuart van Port Elizabeth, op 20 Januarie 1937 vir die Oos-Kaapse kieskring genomineer — 'n nominasie wat entoesiasties deur Stuart erken is.[12]

Margaret Ballinger se unieke akademiese loopbaan en die gebeure wat tot haar kandidatuur aanleiding gegee het, verdien vermelding. Violet Margaret Livingstone Ballinger (gebore Hodgson) is op 11 Januarie 1894 in Glasgow, Skotland gebore. Haar vader, John Hodgson, het reeds in die 1880's na Suid-Afrika gekom en het tydens die Tweede Vryheidsoorlog aan die Republieke se kant geveg en as gevolg daarvan as 'n krygsgevangene op St Helena geëindig. Hy het in 1904 met sy familie na Suid-Afrika teruggekeer en hom in Port Elizabeth gevestig. Hier het Margaret se akademiese loopbaan 'n aanvang geneem toe sy die stad se goue medalje vir die beste matrikulant verower het. Na haar suksesvolle BA-graduering aan Rhodes in 1913 het sy haar MA in geskiedenis aan Oxford in 1917 behaal. Na 'n tydperk as lektrise aan Rhodes het sy in 1920 na die Universiteit van die Witwatersrand verskuif waar sy 'n senior lektrise geword het. As dit nie vir haar geslag was nie sou sy beslis vir professor W M Macmillan as departementshoof opgevolg het. In 1935 moes sy, na haar huwelik die vorige jaar met die vakbondleier W G Ballinger, in terme van 'n universiteitsregulasie wat nie vir getroude dames op die personeel voorsiening gemaak het nie, bedank.[13]

Intussen het Margaret saam met haar wederhelf aktief gepoog om die sosio-ekonomiese en politieke posisie van die Suid-Afrikaanse swarte te verbeter. 'n Hele aantal publikasies en pamflette oor die swarte se behoeftes het uit haar pen verskyn. As 'n aktiewe lid van die Johannesburgse Gesamentlike Raad vir Blankes en Swartes het sy veral gepoog om swart besighede op te hef en die lot van die swart gesin en veral die kleuter deur middel van bv. kleuterskole te verhoog.[14] Haar aktiewe deelname aan die swarte se stryd vir 'n beter lewenswyse het die respek en bewondering van die swartes afgedwing. Haar bedanking by Wits in 1935 het dan ook die geleentheid geskep om 'n voltydse parlementêre loopbaan namens die swartes aan te pak. Haar nominasie vir die Oos-Kaap was ook nie 'n suiwer plaaslike aangeleentheid nie, maar 'n poging van die res van Suid-Afrika se swart bevolking wat haar in die Volksraad wou verkry as 'n verteenwoordiger vir alle Suid-Afrikaanse swartes.

Alhoewel Ballinger deur die ANC genomineer is, het die organisasie geen werklike steun vir die verkiesingsveldtog gebied nie.[15] Ballinger het dus met die aanvang van haar veldtog gesloer met die gevolg dat sy spoedig 'n agterstand teenoor haar

---

10. Brief van J.A. Calata in die *Umteteli wa Bantu*, 13 Maart 1937.
11. The Ballinger Papers, Universiteit van die Witwatersrand (Hierna sal slegs na UW/Ballinger verwys word), B2.14.1, Margaret Ballinger aan die president en lede van die ANC, 25 Junie 1937; "Many Chiefs Attend AN Congress", (*Umteteli wa Bantu*, 2 Januarie 1937).
12. Brief van W.H. Stuart in die *Imvo Zabantsundu*, 6 Februarie 1937; Kyk ook na die AAC se lys van aanbevole kandidate vir swart kiesers, Imvo Zabantsundu, 13 Februarie 1937.
13. Biografiese inligting is uit die volgende bronne verkry: UW/Ballinger, A1.2.3, Motivation to the Vice-Chancellor and presentation address to the Chancellor on the award of the degree of Doctor of Laws, *honoris causa*, 1964; UW/Ballinger A1.1, The Ballingers — An appreciation, by Robin Spence; R. Segal: Political Africa. A Who's Who of Personalities and Parties, p. 26; B.K. Murray: *Wits, the early years* (Johannesburg, 1972), pp. 127, 270, 329—332; V. Brittain: *The Women at Oxford* (London, 1961), pp. 144, 251.
14. Brief van Viv Nkomo in die *Umteteli wa Bantu*, 8 Mei 1937; M. Perham: African Apprenticeship (New York, 1976), pp. 130—132.
15. M. Ballinger: *From Union to Apartheid*, p. 47.

opponent gehad het.

Will Stuart, die AAC se kandidaat, het nie op hom laat wag nie en hy was reeds teen 25—26 Februarie aktief besig met sy veldtog. Hy het vergaderings in Healdtown, Oxkraal, Queenstown, Keiskamma Hoek, King William's Town en Oos-Londen toegespreek met die gepaardgaande mosies van vertroue.[16] Die belangrikste faktore in Stuart se guns was sy onberispelike parlementêre liberale agtergrond en sy familiebande met die prominente Kaapse familie, die Schreiners. Hy was 'n susterskind van bekende liberaliste soos W P Schreiner, voormalige Kaapse Permier, senator Theophilus Schreiner, en die bekende skryfster Olive Schreiner, almal persone wat groot aansien onder die swartes geniet het. As 'n LV vir Temboeland (1915—1924) was Stuart een van die laaste eksponente van die Kaapse liberale tradisie in die Suid-Afrikaanse Parlement. Dit was juis die liberalisme wat die blanke kiesers van Temboeland van hom vervreem het en hom sy setel gekos het.[17] Buite die Parlement het Stuart ook sy liberalisme uitgedra deur bv. vir Clements Kadalie, bekende swart vakbondleier, twee maal in regsgedinge by te staan. In 1920 het hy naamlik die poging tot Kadalie se deportasie uit Suid-Afrika gefnuik[18] en in 1930 het hy hom na aanleiding van 'n staking in Oos-Londen op aanklagte in terme van die *Wet op Oproerige Byeenkomste* suksesvol verdedig.[19] In 1920 het hy ook die ondankbare taak op hom geneem om Masabalala, 'n swart leier van Port Elizabeth, na aanleiding van 'n staking en rassegeweld in die hawestad, met goeie gevolg te verdedig.[20] Verder het Stuart die steun van die invloedryke Jabavus in die Oos-Kaap geniet. Beide prof D D T Jabavu, president van die AAC en bekende opvoedkundige, asook sy broer A M Jabavu, lid van die Ciskeise Bunga, tesourier van die *Cape Native Voters Convention* en redakteur van die swart Oos-Kaapse mondstuk die *Imvo Zabantsundu,*[21] het Stuart se kandidatuur entoesiasties gesteun. Daarby het Stuart ook die steun van die *Independent ICU* (Industrial and Commercial Workers' Union)-vakbond van Kadalie in Oos-Londen, weens hul nou verbintenis van die verlede, geniet. Hierdie steun tesame met sy liberale agtergrond het hom 'n aanvanklike gunsteling gemaak om die verkiesing te wen en daarom was hy Margaret Ballinger se grootste struikelblok in haar weg tot die Volksraad.

Buiten Stuart en Ballinger het nog drie ander kandidate nl. J Stewart, Frank Brownlee en J W Duncan na vore getree. Stewart was 'n "politieke dier" wat as lid van die Arbeidersparty 'n stadsraadslid, burgemeester (1918—1920 en weer 1926—1927), L.P.R. (1917—1919) en LV vir Oos-Londen (1919—1924) was. Sy enigste ware kontak met 'n swart organisasie was toe hy die amptelike opening van die swart vakbond, die *Industrial and Commercial Workers Union of Africa* (ICU), se

16. *Umlindi we Nyanga*, 15 Maart 1937. (All African Convention Candidates Receive Overwhelming Support In Border and Glen Grey.)
17. *South African Who's Who* 1925—26, p. 220; R.J. Bouch: The South African Party and The National Party In The Eastern Cape 1919—1924 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1979), pp. 128—131, 140; "William Hemming Stuart", (*Umlindi we Nyanga*, 15 Mei 1937); Parlementêre Register 1910—1961 (Volksraad, 1970), p. 119.
18. P.L. Wickins: *The I.C.U. of Africa* (Kaapstad, 1978), pp. 36—37.
19. C. Kadalie: *My Life And The I.C.U.* (London, 1970), pp. 195—198.
20. R.J. Bouch: The South African Party And The National Party In The Eastern Cape 1919—1924, pp. 134—135.
21. G.M. Gerhart, T. Karis: *From Protest To Challenge*, vol. 4, Political Profiles 1882—1964, pp. 39—41.

1924-jaarvergadering in Oos-Londen waargeneem het.[22] Hy was 'n ervare politikus wat in 1929 en 1933[23] in sy pogings tot 'n hertoetrede tot die Parlement gefaal het. Sy kandidatuur was dus 'n vorm van politieke opportunisme aangesien hy geen liberale agtergrond ten opsigte van swart aangeleenthede gehad het nie; die verkiesing het 'n laaste geleentheid vir 'n terugkeer tot die Volksraad gebied.

Frank Brownlee het in teenstelling met Stuart en Stewart geen politieke agtergrond gehad nie. Wat wel in sy guns getel het was sy familienaam wat reeds vir drie geslagte aan die ontwikkeling van swartes in die Oos-Kaap gekoppel was. Sy oupa was 'n sendeling en sy vader, die legendariese Charles Brownlee, was die eerste Sekretaris van Naturellesake in die Kaapkolonie. Frank Brownlee het self in die Oos-Kaap opgegroei, was vlotsprekend in Xhosa en was vir jare 'n magistraat en Naturellekommissaris in die Transkei. Van 1933 tot 1935 was hy die president van die Natalse en Transvaalse Appèl- en Egskeidingshof vir Naturelle. Gepaardgaande daarmee was hy ook 'n kenner van swart tradisies, gewoontes en wette. Brownlee het ook as 'n outeur naam gemaak.[24] Sy een boek, *Ntsukumbini. The Cattle Thief*, was deur Margaret Ballinger in 'n resensie as een van die beste fiktiewe verhale met 'n swart tema in Suid-Afrika bestempel.[25] Brownlee het aansien onder die swartes geniet en het as *Maduna* (indoena) onder hulle bekend gestaan en was 'n uiters geskikte persoon om as 'n Naturelleverteenwoordiger op te tree. Etheldreda Lewis, bekende liberalis en outeur van die boek *Trader Horn*, en verkiesingsagent van Ballinger, het Brownlee ná Margaret as die mees geskikte kandidaat beskou. Volgens haar sou sy Brownlee beslis gesteun het as Ballinger nie aan die verkiesing deelgeneem het nie.[26]

Die laaste kandidaat was J W Duncan, 'n onbekende faktor in die verkiesing. Duncan was 'n welgestelde en vooraanstaande boer en hoteleienaar in Whittlesea met geen agtergrond as politieke kampvegter of verteenwoordiger van die swarte nie. Faktore in sy guns was dat hy wel vlotsprekend in Xhosa was en aansien in die Queenstown- en Whittlesea-omgewing onder die swartes geniet het en as *Diliz Intaba* ('n prysnaam wat beteken "om die berg te breek") onder hulle bekend gestaan het.[27] Sy kandidatuur moet ook gesien word as 'n poging deur die boere van die Oos-Kaap om hul verteenwoordiging in die Parlement met 'n persoon wat na hul belange sou omsien, te vermeerder.[28]

Die vooruitsig van 'n stryd teen vier kandidate en van 'n uitputtende veldtog was blykbaar amper te veel vir Margaret Ballinger en sy het begin wik en weeg of sy wel aan die stryd moes deelneem.[29] Uiteindelik het sy eers op 15 Maart, nege dae voor nominasiedag op 24 Maart, met haar veldtog begin.[30] Intussen het die Queenstownse dagblad *The Daily Representative* op 10 Maart oor die suksesvolle vergaderings van

---

*East London Centenary 1848—1948, Official Souvenir Brochure*, p. 83; *Parlementêre Register 1910—1961* (Volksraad 1970), p. 116; *The Province of the Cape of Good Hope Official Gazette*, 6 Julie 1917, p. 925; P.L. Wickins: *The I.C.U. of Africa*, p. 175.

B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings In Suid-Afrika 1910—1976* (Pretoria, 1977), pp. 166—194.


24. D.W. Kruger en C.J. Beyers (reds.): *Dictionary Of South African Biography*, vol. III, p. 113; P.J. Nienaber: Hier Is Ons Skrywers, p. 30.
25. *The Star*, 5 Maart 1935 (The Native in South African Fiction).
26. UW/Ballinger: B2.16.2, E. Lewis aan F. Brownlee, 19 Maart 1937.
27. Brief van J.R. Dalamba in die *Daily Representative*, 5 Mei 1937.
28. The Daily Representative, 1 Mei 1937 (Queenstown, Past, Present and Future); UW/Ballinger: Historical Incident Becomes Political Hoodoo.
29. UW/Ballinger: B2.16.2, E. Lewis aan F. Brownlee, 19 Maart 1937.
30. *The Daily Representative*, 13 Maart 1937 (Representation of Natives).

Stuart en Stewart in die Oos-Londense Oos-Oewer-lokasie gerapporteer.

Nieteenstaande Stuart en Stewart se voorsprong het die teenwoordigheid van Margaret se briljante verkiesingsorganiseerder, A Z Tshiwula, die agterstand geneutraliseer. Tshiwula was persoonlik deur Calata aan Margaret toegewys, veral weens sy voormalige amp as algemene sekretaris van die ANC in die Kaapprovinsie, wat behels het dat hy takke vir die organisasie in dié provinsie en Transkei moes stig.[31] Hy was 'n organiseerder by uitstek wat haar hele veldtog georganiseer en geloods het. Hy het die toerplan vir die vergaderings gereël en die onderskeie verkiesingskomitees oor die hele kieskring aangestel, gelaai met prominente en gesiene persone wat hy persoonlik geken het. (Tshiwula was persoonlik ook 'n gerespekteerde persoon in die swart gemeenskap). Buiten sy organisatoriese vermoëns het hy ook 'n vriend en vertroueling van Ballinger geword deur haar voortdurend aan te moedig en te inspireer. So kon hy bv. die swarte se psige en optrede tydens die verkiesing aan haar verklaar. Tshiwula se enigste tekortkoming, as dit so genoem kan word, was dat hy nie 'n bekwame tolk was nie.[32] Met Tshiwula wat die organisatoriese sy van die veldtog beheer het, kon Ballinger haar onverdeelde aandag aan haar vergaderings en toesprake bestee. In 'n adviesbrief van F Meyours aan Ethelreda Lewis, as Margaret se agent, het Meyours dit onomwonde gestel dat die kandidaat met die beste organisasie die verkiesing sou wen.[33] Sonder die teenwoordigheid van Tshiwula sou die Ballinger-kandidatuur beslis gestrand het. Hy het 'n onverbeterlike veldtog daar gestel wat 'n noodsaaklikheid was weens die uitgestrektheid van die kieskring.

Die Oos-Kaapse kieskring, alhoewel die kleinste van die drie kieskringe, was in vergelyking met 'n blanke setel, enorm. Dit het 'n reuse-driehoek met Aliwal-Noord in die noorde, Oos-Londen in die ooste en met Port Elizabeth in die weste gevorm. Oor die hele gebied was 4 020 kiesers versprei[34] met die volgende sentra as die vernaamste konsentrasiepunte van kiesers: Port Elizabeth (831), Oos-Londen (577), Queenstown (572), King William's Town (406), Glen Grey (395), Uitenhage (187), Albanie (175), Fort Beaufort (121), Keiskammahoek (188), Middeldrif (123), Victoria-Oos (166) met kleiner gemeenskappe soos Aliwal-Noord (58), Cathcart (39), Peddie (67) en Stockenstrom (22).[35] Om al die kiesers te bereik het Ballinger ongeveer 100 vergaderings toegespreek[36] en ongeveer 3 000 kilometers oor slegte paaie gereis.[37] Op aandrang van Tshiwula, wat al haar vergaderings bygewoon het, het sy selfs die kleinste gehuggies besoek om kiesers se steun te verwerf.[38] Orals is sy met groot entoesiasme en die gepaardgaande mosies van vertroue ontvang. Hoe uitmergelend die veldtog egter was blyk uit die straf wat die Ballingers se motor tydens die verkiesing ondergaan het. Die voertuig se skokbrekers het naamlik drie maal gebreek, twee bande moes vervang

31. UW/Ballinger: C2.7.3 (Lêer 1): A.Z. Tshiwula aan W.G. Ballinger, 4 Maart 1937; T.D. Mweli Skota: *The African Yearly Register* (Johannesburg, g.d.), p. 275.
32. M. Ballinger: *From Union To Apartheid*, pp. 47–48; Kyk Tshiwula se briewe aan Margaret Ballinger, UW/Ballinger: B2.16.2, 18/4/37, 19/4/37, 21/4/37, 24/4/37, 27/4/37, 25/4/37.
33. UW/Ballinger: B2.16.2, F. Meyours aan E. Lewis, 3 April 1937.
34. *Imvo Zabantsundu*, 6 Februarie 1937 (Cape Native Voters).
35. UW/Ballinger: B2.16.2, F. Meyours aan E. Lewis, 3 April 1937.
36. *Imvo Zabantsundu*, 5 Junie 1937 (Mrs Ballinger's Strenuous Campaign).
37. V. Brittain: *Testament of Friendship*, p. 255.
38. UW/Ballinger: B2.16.2, A.Z. Tshiwula aan Margaret Ballinger, 19/4/1937.
39. *The Daily Representative*, 6 April 1937 (Increased Wages For Natives); *Daily Dispatch*, 1 Junie 1937 (Native Election); *The Bantu World*, 20 Mei 1937 (Mrs. Ballinger At East London); *Daily Dispatch*, 31 Maart 1937 (Address To Local Natives); *Daily Dispatch*, 3 April 1937 (Native Election; Mrs W.G. Ballinger at Locationl); UW/Ballinger, B2.16.2, L.H. Kaplan aan M. Ballinger oor 'n vergadering in Grahamstad, 23 Maart 1937.


KAAPSE NATURELLE –
KIESKRINGE, 1937
Mafeking
Aliwal-Noord
Port Shepstone
TRANSKEI
OOS-KAAP
Oos-Londen
Port Elizabeth
WES-KAAP
0 50 100 150 km
BRON: The Cape Argus, 7 Junie 1937

word en die motor se stuurstang het gebreek.[40]

Etlike redes, buiten Tshiwula se goeie organisasie, kan vir die buitengewone suksesvolle Ballinger-veldtog aangevoer word. So was sy ongeag die gebruikmaking van 'n tolk, 'n dinamiese en meesleurende spreker.[41] Daarby het haar man, die bekende W G Ballinger, ook as 'n spreker by sommige vergaderings opgetree en sodoende heelwat steun en belangstelling vir haar gewerf.[42] 'n Verdere faktor in haar guns was die feit dat sy die enigste vroulike kandidaat was. Oorspronklik is geredeneer dat dit teen haar sou tel omdat die swart man nie vir 'n vrou sou stem nie. Daarby is 'n gerug versprei dat die swartes haar nie moes steun nie aangesien sy 'n moontlike tweede Nonqause van die sogenaamde Xhosa-selfmoord-faam kon wees.[43] Ballinger se reaksie op die bepaalde gerug was eenvoudig, maar effektief. Dit was naamlik dat 'n vrou, koningin Victoria, die swartes politieke regte in Suid-Afrika gegee het, maar die mans van Suid-Afrika dit van hul ontneem het en dat sy haar sou beywer om dit weer te herstel.[44] Hierdie antwoord het inslag by die swartes gevind met die gevolg dat meer nuuskieriges en entoesiastiese ondersteuners na haar vergaderings gelok is. Daarby het Ballinger ook by die swart vrouens van die Oos-Kaap aansluiting gevind. Alhoewel die vrouens geen stemreg geniet het nie, het hul wel groot invloed in die swart gemeenskap uitgeoefen.[45] Op die aandrang van Tshiwula het sy spesiale vergaderings vir slegs die swart vrou gereël waar sy haar veral op die sosio-ekonomiese posisie van die swart gesin toegespits het. Daar het sy sake aangeroer soos die lot van die swart trekarbeider se agtergeblewe gesin, swart onderwys, kleutersorg vir swart kinders en die posisie van die swart moeder.[46] Hierdie werklike besorgdheid van Ballinger oor die swart gesin het haar aansien en prestige verder vergroot.

Ballinger se verkiesingsmanifes het ook sterk inslag by die swartes gevind. Hiervolgens het sy haar beywer vir

(i) Gelyke politieke regte vir alle Suid-Afrikaners
(ii) Die reg tot grondaankope vir swartes
(iii) Gelyke opvoedingsfasiliteite vir alle rasse
(iv) Pensioene vir swartes
(v) Minimum lone vir swartes
(vi) Steun vir swart boere
(vii) Die afskaf van belasting op swartes jonger as 21 jaar
(viii) 'n Meer relevante belastingstelsel vir swartes om hul gesinne finansieel te beskerm
(ix) Opposisie teen trekarbeid
(x) Die beskerming en verbetering van die swart gesin se posisie deur middel van beter lone en behuising.[47]

40. UW/Ballinger: F2.2 (Lêer 1), W.G. Ballinger aan C. Johnson, 17 Junie 1937.
41. *The Bantu World*, 5 Junie 1937 (Mrs. Ballinger's Inspiring Election Campaign).
42. *The Bantu World*, 15 Mei 1937 (Mrs. Ballinger's Election Campaign).
43. UW/Ballinger: B2.16.2, Historical Incident Becomes Political Hoodoo; "Nongquase as Political Hoodoo", brief van J.J.S. Mandleni in die *Daily Representative*, 10 Mei 1937.
44. UW/Ballinger: B2.16.2, Brief van T.B. Lujiza aan M. Ballinger, 26 April 1937; *ibid.*, Verkiesingspamflet deur E. Lewis uitgereik.
45. M. Ballinger: *From Union To Apartheid*, p. 51.
46. *The Bantu World*, 15 Mei 1937 (Mrs Ballinger's Election Campaign); *The Bantu World*, 29 Mei 1937 (Native Elections, Women's Prayers For Success); Brief van Sol Rulashe in die *Umteteli wa Bantu*, 13 Maart 1937.
47. UW/Ballinger: B2.16.2, Margaret Ballinger se verkiesingsmanifes, 1937.

Hierdie uiteensetting van haar doelstellings het sy met groot sukses by haar talle vergaderings oorgedra. Sy het geen wilde beloftes van onmiddellike veranderinge gemaak as sy verkies sou word nie. As 'n verkose naturelleverteenwoordiger sou sy haar eerder beywer om die blanke se bevooroordeelde persepsie van die swarte stelselmatig te verander.[48] Aansluitend daarby het die weerhouding van enige persoonlike aanvalle op haar opponente ook 'n groot indruk op die swartes gemaak.

Intussen het Margaret Ballinger se opponente nie stil gesit nie. Will Stuart was veral aktief in die stryd. Sy liberale agtergrond, tesame met sy Schreiner-familiebande en die AAC se steun, het hom 'n belangrike voorsprong besorg. 'n Artikel van *Bantu World* op 27 Maart het ook daarop gewys dat hy die gunsteling was om die meeste stemme in Oos-Londen op hom te verenig aangesien die swart intellektueles hom gesteun het.[49] Dat Stuart wel vol selfvertroue was blyk daaruit dat hy sy eie veldtog afgeskeep het om sy vrou en seun se verkiesing vir onderskeidelik die Senaat en Volksraad in die Transkei te steun.[50] Nieteenstaande sy selfvertroue was Stuart egter nie verhewe bo politieke smeertaktieke ten opsigte van Ballinger se kandidatuur nie. Volgens Tshiwula en W G Ballinger het Stuart en sy vrou gerugte oor haar akademiese kwalifikasies en beweerde kommunistiese affiliasies versprei.[51] In werklikheid was sy steun nie so omvattend as wat hy gedink het nie. Sy nominasie deur die AAC het nie beteken dat alle aanhangers van die organisasie hom sou steun nie want daar was interne verdeeldheid oor die onderskeie kandidate.[52] Aansluitend daarby het Stuart in 'n onaangename dispuut oor sy vrou en seun se kandidatuur in die Transkei betrokke geraak. Beide hul opponente, Welsh vir die Senaat en Hemming vir die Volksraad, se nominasie deur die AAC, was omstrede aangesien die organisasie dit nooit bevestig het nie.[53] Die Stuarts het hul opponente dus nie as amptelike kandidate van die AAC beskou nie en hulself beskikbaar gestel. Die gevolg was 'n onaangename korrespondensie-oorlog in die *Daily Dispatch*[54] wat sommige AAC-ondersteuners van Stuart ontnugter het.[55]

Naas Ballinger en Stuart was James Stewart die mees prominente kandidaat met 'n dinamiese en aggressiewe veldtog. Volgens die *Umlindi we Nyanga* was sy verkiesingsorganisasie ook die indrukwekkendste.[56] Hier het sy organiseerders soos W M Rubusana, seun van die voormalige swart LPR vir Temboeland en H D Tyamzashe, joernalis en voormalige ampsdraer van die ICU[57] 'n belangrike rol vertolk. Tyamzashe was veral 'n energieke briefskrywer aan koerante waarin hy die AAC se keuse van kandidate gekritiseer het en daarop gewys het dat Stewart hom ook met swart griewe soos swak skoolonderrig, gebrekkige mediese dienste en voedsel vir swartes geïdentifiseer[59] en vergaderings oor die hele Oos-Kaap toegespreek.[60] Sy steun was egter meestal in die Oos-Londen-omgewing gesentreer. Ongeag al sy pogings om

48. *Daily Dispatch*, 1 Junie 1937 (Native Election, Mrs Ballinger's Candidature).
49. *The Bantu World*, 27 Maart 1937 (The Political Position in East London).
50. UW/Ballinger: B2.16.2, A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 19/4/1937.
51. *Ibid.*, 19/4/1937; UW/Ballinger: F2.2 (Lêer 1) W.G. Ballinger aan Carol Johnson, 17 Junie 1937.
52. *Umlindi we Nyanga*, 5 Junie 1937 (Bantu Voters, Remember June 8th).
53. Brief van Will Stuart in die *Daily Dispatch*, 7 April 1937.
54. Briewe van 9/12/15/17 en 21 April in die *Daily Dispatch*.
55. UW/Ballinger: B2.16.2, Brief van T.B. Lujiza aan M. Ballinger, 26 April 1937.
56. *Umlindi we Nyanga*, 5 Junie 1937 (Bantu Voters, Remember June 8th).
57. G.M. Gerhart, T. Karis: *From Protest to Challenge*, vol. 4, Political Profiles 1882–1964, pp. 160–161.
58. Briewe van Tyamzashe in die *Umteteli wa Bantu*, 13 Maart, 1 Mei 1937.
59. *Daily Dispatch*, 4 Junie 1937 (Mr James Stewart In The East Bank Location).
60. Brief vaN W.M. Rubusana in die *Daily Dispatch*, 23 April 1937.

verkies te word het een belangrike faktor al sy pogings getorpedeer. Dit was nl. sy politieke verlede as 'n lid van die Arbeidersparty tydens die pakt-regering met die gepaardgaande onderdrukkende kleurslagboomwette en die "beskaafde arbeidsbeleid" van die tydperk wat die lot van die Suid-Afrikaanse swarte nog verder verswaar het. R H Godlo, redakteur van die *Umlindi we Nyanga*, het deur middel van die koerant die swartes op Stewart se verlede gewys en hul aangeraai om een van die ander kandidate te steun.[61] Hierdie artikel was die doodskoot vir Stewart se veldtog.

Die twee ander kandidate, J W Duncan en Frank Brownlee, het geen impak op die verkiesing gemaak nie en dit was vinnig duidelik dat beide nie 'n kans op oorwinning gestaan het nie. Duncan het tog 'n aantal vergaderings toegespreek waar hy vriendelik ontvang is.[62] Tshiwula wat 'n getroue waarnemer was, het ook bevind dat Duncan groot steun in die Glen Grey distrik onder die swartes geniet het.[63] Van die hoë verwagtinge vir Frank Brownlee het egter niks tereg gekom nie. Hy het laat tot die verkiesing toegetree en sy veldtog was van die begin af gedisorganiseerd.[64] So het bv. nie 'n enkele persoon by sy vergadering in Aliwal-Noord opgedaag nie.[65] Buiten 'n suksesvolle vergadering in Uitenhage[66] en sy verkiesingsmanifes[67] het hy van die toneel verdwyn. Weens sy onaktiewe veldtog was Brownlee selfs verplig om 'n kennisgewing in die *Daily Despatch* te plaas dat hy hom nie aan die verkiesing onttrek het nie.[68]

Die verkiesing het dus hoofsaaklik 'n stryd tussen Ballinger en Stuart gebly met Ballinger se veldtog wat van krag tot krag gevorder het. Selfs Oos-Londen wat 'n gevaarsone vir Ballinger was, is mettertyd geneutraliseer. Hierdie hawestad se teenkanting teen haar was uniek aangesien die ou twiste van die gewese ICU hier neerslag gevind het. Beide Kadalie (pro-Stuart) en Tyamzashe (pro-Stewart) wat prominente voormalige leiers van die ICU was, het hul ná die verbrokkeling van die vakbond in Oos-Londen gevestig. Hulle was altwee bittere opponente van W G Ballinger, oud-adviseur van die ICU, vir wie hulle vir die verbrokkeling van die vakbond verantwoordelik gehou het en hulle het dus die swartes van Oos-Londen beïnvloed om nie sy vrou te steun nie. Gelukkig vir Margaret Ballinger was Theo Lujiza,[69] ook 'n voormalige beampte van die ICU, 'n inwoner van Oos-Londen. Hy was 'n briljante tolk en het tydens Ballinger se vergaderings in die hawestad met groot sukses haar toesprake aan die plaaslike inwoners oorgedra. Sodoende is die ergste teenkanting teen haar deur sy toedoen geneutraliseer.[70]

Verdere faktore wat Ballinger se veldtog ekstra momentum verskaf het was die wye steun wat sy van buite die Oos-Kaap verkry het. So het die Britse filantropiese organisasie *Friends of Africa* met wie sy noue bande gehad het, haar finansieel gesteun.[17] As die enigste vroulike kandidaat het die Suid-Afrikaanse *National Council of*

61. *Umlindi we Nyanga*, 5 Junie 1937 (Bantu Voters, Remember June 8th).
62. *The Bantu World*, 13 Maart 1937 (Mr J.W. Duncan's Candidature); Brief van G. Mbambe in die *Daily Dispatch*, 1 Junie 1937.
63. UW/Ballinger: B2.16.2, A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 30 Maart 1937.
64. *Ibid.*, 19 April 1937.
65. UW/Ballinger: B2.16.2, Eerwaarde P.S. Mbete aan M. Ballinger, 27 April 1937.
66. *Ibid.*, A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 24 April 1937.
67. Brownlee se verkiesingsmanifes, *Umlindi we Nyanga*, 15 Mei 1937.
68. *Daily Dispatch*, 8 Junie 1937 (Native Elections, Mr Brownlee Contradicts a Rumour).
69. G.M. Gerhart, T. Karis: *From Protest to Challenge*, vol. 4, Political Profiles 1882–1964, p. 160–161.
70. M. Ballinger: *From Union To Apartheid*, p. 48.
71. V. Brittain: *Testament Of Friendship*, p. 255.

*Women*, asook ander vroue-organisasies haar ook ondersteun.[72] Verder het sy landswye steun onder die Suid-Afrikaanse swartes geniet wat die Oos-Kaapse koerante met briewe ten gunste van haar kandidatuur gebombardeer het. Daarmee is druk op die Oos-Kaapse kiesers geplaas om haar te steun aangesien sy al die swartes van Suid-Afrika moes verteenwoordig.[73]

Na die lang en uitputtende veldtog het die verkiesingsdag op 8 Junie 1937 aangebreek sonder dat enige van die vyf kandidate sonder enige twyfel van die oorwinning verseker kon wees. Hierdie onsekerheid kon aan die unieke aard van die destydse swart politiek toegeskryf word. So was bv. mosies van vertroue tydens 'n vergadering geen aanduiding van steun vir 'n kandidaat nie. Al die kandidate het mosies van vertroue verkry aangesien die swart gehoor daardeur hul dank aan die kandidaat wou betoon omdat hy hulle toegespreek het.[74] Verder was van die swart steun wisselvallig aangesien baie van die swartes aan die gunsteling of wenner se kant wou wees.[75] Swart steun is ook deur die onsmaaklike gebruike uit die tydperk van die blanke politiek en die gemeenskaplike kieserslys beïnvloed deurdat talle van die swart organiseerders en kiesers se steun deur omkopery verkry en behou moes word. 'n Gevolg daarvan was dat talle voorvalle van oorlopery na ander kandidate deur ondersteuners voorgekom het. Ballinger het self so 'n bloutjie geloop toe een van haar prominente ondersteuners en 'n komiteelid vir Middeldrif sy steun aan Stewart toegesê het.[76] Tshiwula het egter deur middel van sy streng kontrole oor die Ballinger-veldtog alle persone wat deur persoonlike gewin gemotiveer was, uitgeskakel.

Die 8ste Junie het die swart kiesers van die Kaap entoesiasties na die stembusse gestroom.[77] Dit het dan ook vinnig geblyk dat dit in werklikheid slegs 'n stryd tussen Ballinger en Stuart was. Weens die uitgestrektheid van die kieskring is die uitslag eers op 12 Junie bekend gemaak. Margaret Ballinger was die nuwe LV met 'n naelskraapse oorwinning oor Stuart, haar naaste opponent, met 'n meerderheid van 157 stemme, na 'n hoë stempersentasie van 75%. Die amptelike uitslag was soos volg:

| | |
|---|---|
| Violet Margaret Ballinger | 1 118 |
| William Hemming Stuart | . 961 |
| James Walker Duncan . . . | . 368 |
| James Stewart . . . . . . . . . . | . 280 |
| Frank Harold Brownlee . . | 143[78] |

Weens sy lae stemtotaal het Brownlee sy deposito verbeur.

Nieteenstaande haar persoonlikheid en Tshiwula se organisatoriese vermoëns sou Ballinger nooit die oorwinning gesmaak het sonder die verdeling van die stem weens die groot aantal kandidate wat haar bevoordeel het nie. Will Stuart was die slagoffer van hierdie verdeling aangesien die kandidature van Stewart, Duncan en Brownlee hom van 'n hele aantal stemme ontneem het.

Ballinger se oorwinning is met groot blydskap deur die swartes en liberale

72. *The Daily Representative*, 13 Maart 1937 (Representation of Natives).
73. Brief van Sibusisiwe Makanya in die *Umteteli wa Bantu*, 8 Mei 1937; UW/Ballinger: B2.16.2, Brief van J.C.P. Mavimbela in die *Daily Representative*, 14 April 1837.
74. *Umlindi we Nyanga*, 15 Mei 1937 (Electoral And Local Affairs In Bolatwa).
75. M. Ballinger: *From Union To Apartheid*, p. 48.
76. Kyk na die korrespondensie van 28 Mei, 26 Mei en 2 Junie in die *Daily Dispatch*.
77. *The Daily Representative*, 9 Junie 1937 (The Native Elections); *Daily Dispatch*, 9 Junie 1937 (Steady Polling At East London).
78. *Die Staatskoerant*, 18 Junie 1937, p. 852.

lblankes van Suid-Afrika ontvang. A M Jabavu was die enigste afvallige wat nie sy teleurstelling dat sy vriend Stuart die onderspit moes delf, kon verwerk nie. In sy bevoegdheid as redakteur van die *Imvo Zabantsundu* het hy gevolglik die swart kiesers van die Oos-Kaap op 'n bedekte wyse van dislojaliteit teenoor die AAC beskuldig. Verder het hy vir Ballinger daarvan beskuldig dat sy tot verdeeldheid onder die naturelleverteenwoordigers aanleiding sou gee.[79] Hierdie suur druiwe van Jabavu het hom egter slegs die argwaan van Ballinger en ander swartes op die hals gehaal.[80] Ballinger se oorwinning was vir Stuart ook 'n bitter pil om te sluk en hy het met 'n appèl teen die uitslag op gronde van haar beweerde nie-voldoening aan residensiële kwalifikasies as kandidaat, gedreig. Van hierdie dreigement het egter niks tereg gekom nie aangesien die verkiesingsbeampte dit summier verwerp het.[81]

Met die aanvang van die Parlementêre sitting van 1938 het Ballinger, begelei deur J H Hofmeyr en S F Waterson, haar plek as die derde vroue-LV in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die Volksraad ingeneem.[82] Dit was die begin van een van Suid-Afrika se roemrykste parlementêre loopbane en sy sou tot 1960 as die kampvegter vir die Suid-Afrikaanse swarte optree: 'n stryd wat haar 'n heldin en geëerde persoon met die prysname Tembeka (sy wat vertrou kan word) en Nozizwe (moeder van die volk) onder die swartes sou maak. Weens haar geëerde posisie onder die swartes is Ballinger slegs 'n enkele keer in haar 23-jarige parlementêre loopbaan tydens 'n verkiesing geopponeer. Dit was tydens die verkiesing van 1948. Dit was egter maar 'n flou affêre in vergelyking met die verkiesing van 1937 — iets waaroor Ballinger maar te dankbaar was aangesien sy dit onomwonde gestel het dat sy nooit weer 'n moordende veldtog soos dié van 1937 wou ondergaan nie.

79. *Imvo Zabantsundu*, 19 Junie 1937 (Bantu Assembly Elections In The Cape).
80. *Imvo Zabantsundu*, 3 Julie 1937 (Mrs Ballinger Discusses Convention Irregularities).
81. UW/Ballinger: F2.2 (Lêer 1), W.G. Ballinger aan C. Johnson, 17 Junie 1937.
82. *Debatte van die Volksraad*, 11 Februarie 1938, Kol. 2.